

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V1

(TEORIE)

NOVEMBER 2017

NASIENGIDSLYNE

PUNTE: 100

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE****Kandidate beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.****1.1 (10 punte in totaal)****1.1.1 (Ken 8 punte toe: 'n maksimum van 2 punte per element/beginsel)**

- Ritme: Die gebruik van 'n verskeidenheid van herhalende geometriese vorms skep 'n ritmiese optiese beweging. ☒ Die laaie is almal dieselfde grootte en fatsoen, elkeen met 'n holte wat as 'n handvat dien; die holtes skep 'n ritmiese beweging. ☒ Die herhalende vertikale, streepagtige lyne skep ook 'n ritmiese beweging. ☒ Herhalende horisontale, ritmiese lyne beklemtoon die verlengde voorkoms van die produk. ☒ Die herhaling van die laaie skep ritme. ☒
- Tekstuur: Die meubelstuk is van 'n sagte, gladde hout gemaak wat die sagte syagtige effek beklemtoon. ☒ Die geveerde patrone is glad en plat aangewend en skep die indruk van 'n tasbare tekstuur. ☒ Die herhalende horisontale lyne skep ook die illusie van tekstuur. ☒ Die verskillende lae van die laaghout toon tasbare tekstuur. ☒
- Kontras: Die eklektiese historiese motiewe is verantwoordelik vir die sterk kontras. ☒ Die gevarieerde, Skandinawiese inspireerde Marimekko-patrone op die sykante van die laaikas, skep 'n sterk kontras met die patroon bo en onder dit. ☒ Die verniste hout laaie is onversier en skep 'n kontras met die patroonagtige oppervlak ontwerp wat aan beide kante sigbaar is. ☒ Die twee-dimensionele fatsoene skep 'n kontras met die boksagtig drie-dimensionele vorm van die meubelstuk. ☒ 'n Kleur kontras van swart en grys is sigbaar in die dominante monochromatiese kleurskema. ☒ Die warm oranje kolk, die pienk reghoeke, en kolk skep ook 'n kontras met die monochromatiese kleurskema. ☒
- Fatsoen: Die twee sykante is versier van bo tot onder met twee-dimensionele fatsoene. ☒ Hierdie fatsoene is plat, gestileerd en geometries wat terug verwys na tradisionele etniese patrone, ☒ Die fatsoene is herhaal om patrone te vorm wat in horisontale stroke geplaas is. Hierdie is bo-op mekaar gestapel om 'n komplekse en interessante patroonagtige oppervlakte te skep. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

1.1.2 (Ken 2 punte toe)

Die term *totemisties* verwys na opstapeling of laag-op-laag. ☒ In die meubelstuk in FIGUUR A is die ontwerp geskep deur die gestapelde patrone en laaie. ☒ [Dit is 'n huidige Postmodernistiese tendens om verskillende pluralistiese lae van interpretasie of verwysings te skep.] Die tradisionele totempaal is ook geskep uit lae hout wat bo-op mekaar gestapel word. Elke laag hout bevat tekenis en waarde. ☒

V1.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.1.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		1.1.2	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.1.1	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.1.1	1
	Evalueer, Reflekteer,		1.1.1	1
	Sintetiseer, Regverdig		1.1.1	1

OF

1.2 (10 punte in totaal)**1.2.1 (Ken 8 punte toe: 'n maksimum van 2 punte per punt)**

- Negatiewe ruimte: Die illustrasie maak gebruik van 'n dramatiese balans tussen negatiewe en positiewe spasie deur gebruik te maak van sterk swart en wit kontraste. ☒ Die komposisie is verdeeld en die linkerkant is die omgekeerde van die regterkant om die dualiteit in die beeld te beklemtoon. ☒ Ons moet die negatiewe ruimte van die illustrasie lees om sodoende die volle beeld te sien. Sommige mense sal miskien die gebruik van negatiewe ruimte as positief of *vice versa* sien, wat die ondervinding van die ontwerp meer interessant en dubbelsinnig maak. ☒ Met nadere inspeksie word die gesig van 'n voël/wolf/jakkals/hond of krokodil sigbaar in die negatiewe en positiewe ruimtes. ☒ Addisioneel, is die skild en spies in die negatiewe en positiewe ruimte in die middel gebruik om die boodskap van die ontwerp te beklemtoon. ☒

- **Beweging:** Sterk diagonale, geometriese en gestileerde vorms word deurlopend in die illustrasie gebruik om beweging te skep. ☒ Aan die linkerkant van die agtergrond maak die illustreerder gebruik van diagonale snye en aan die regterkant maak hy gebruik van kolle en klein kurflyntjies om dinamiese beweging te skep. ☒ Die middel van die komposisie skep 'n sterk vertikale afwaartse beweging. Horisontale lyne word beklemtoon in die middelste patroon en langs die bene en kakebene wat die oog toelaat om oor die hele prentvlak te beweeg. ☒ Patrone binne in die skild/spies skep 'n optiese beweging met die gebruik van herhalende fatsoene. ☒ Die tonale kontras skep 'n optiese illusie. ☒
- **Balans:** Met die eerste oog op slag, word die illustrasie ervaar as simmetriese balans wat orde skep. ☒ Met nadere inspeksie kan effense verskille aan beide kante van die ontwerp geïnterpreteer word as 'n assimetriese gebalansseerd. ☒ Aan die linkerkant hang die voëltjie se tong uit en in sy kloue hou hy 'n hangertjie of nekstuk vas. Hierdie verskille gee die werk meer energie en ondersteun die manlike/vroulike simboliese digotomieë(teenoorgesteldes) wat deur die werk ondersoek word. ☒ Visuele balans word geskep deur 'n eweridge verspreiding van wit en swart. ☒ Die swart en wit kleurgebruik skep ook 'n simboliese balans tussen lewe en dood. ☒
- **Lyn:** Die illustreerder maak gebruik van sterk, hardkantige, reguitlyne ☒ wat 'n skoon ontwerp vol beweging, teksture en patrone skep. ☒ 'n Illusie van lyn is geskep deur die kontras wat die komposisie vertikaal in die halfde sny. ☒ Lyne is reghoekig en dit versterk die stilistiese benadering tot die ontwerp. ☒ Die gebruik van gekurfde lyne versag die hardkantige ('hard-edge') motiewe. ☒


Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

1.2.2 (Ken 2 punte toe)

Die terme 'gestileerd' beteken om te vereenvoudig en realiteit te vereenvoudig en plat te maak, vermindering van detail of 'n gebruik van ekonomiese detail. ☒ In FIGUUR B is die illustrasie gestileerd deur die gebruik van skoon reguitlyne, ☒ geometries, reghoekige fatsoene ☒ en herhalende skulpvormige patrone om 'n uitstaande ontwerp met dekoratiewe estetika te skep. ☒ Alhoewel realiteit in die ontwerp vereenvoudig is, is die ontwerp kompleks en het verskuilde simboliese betekenisse. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V1.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	1.2.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		1.2.2	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.2.1	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.2.1	2
	Evalueer, Reflekteer		1.2.1	1
	Sintetiseer, Regverdig			

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP**2.1 (10 punte in totaal)****2.1 (Ken 6 punte toe: 'n maksimum van 2 punte per simbool)**

Die mikrofoon ☒ simboliseer 'n versterkte stem, wat 'n tegnologiese instrument is wat gebruik word om spraak in 'n hoorbare wyse te omskep. ☒

Die onderste-bo mikrofoon ☒ simboliseer 'n beperkte stem of opinie wat stil gemaak is. ☒ 'n Voëltjie in 'n hok ☒ simboliseer tronkstraf, om uit te brei; die metafoor 'so vry as 'n voël'. ☒ Die voël in die hok verteenwoordig ook 'n spreker wie se gedagtes ingeperk is. ☒ Die hok simboliseer die nooit eindigende siklus van die spreker wat beheers en verstriks is. ☒ Die omgedraaide mikrofoon kan ook die stem van mense wat nie dikwels gehoor word simboliseer. ☒

2.2 (Ken 2 punte toe)

In orde van belangrikheid is 'n sterk swart mikrofoon sentraal geplaas teen 'n gloeiende geel agtergrond van die plakkaat en dit skep 'n sterk kontras wat die toeskouer se oog afwaards lei. Addisioneel, die vernouende vorm van die mikrofoon lei die toeskouer se oog na die fokuspunt van die ontwerp. Die koudte wat die voël vashou soos 'n gevangene is tweede in die hierargie van belangrikheid. Die beeld van die voël is die laaste op die vlak van belangrikheid omrede dit laer op die bladsy geplaas is en is klein in grootte. ☒ Krediet moet ook verleen word aan leerders wat kulturele hierargie uitwys wanneer hulle die vraag beantwoord. ☒

2.3 (Ken 2 punte toe)

Die helder, suiwer geel trek die oog ☒ en verseker dat die swart mikrofoon geaksensieer word en beklemtoon die ontkenning van vrye spraak. ☒ Die kleur geel dra 'n gevoel van warmte, lewe en vryheid oor ☒ terwyl swart die dood van vrye spraak oordra. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V2.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%		
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		2.1.1	3
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	2.1.1 2.1.2	3 1
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	2.1.3	2
	Evalueer, Reflekteer			
	Sintetiseer, Regverdig		2.1.2	1

VRAAG 3 (10 punte in totaal)**Kandidate beantwoord VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2.****3.1 (Ken 10 punte toe: 'n maksimum twee punte elk per aspek)**

FIGUUR D gebruik dowwe, aardse **kleure** om 'n rustige omgewing te skep ☒ terwyl FIGUUR E gedomineer is deur helder, primêre **kleure** om 'n jong, energieke en gelukkige omgewing te skep. ☒ Die **kleure** in FIGUUR D is natuurlik, soos verskillende skakerings van grys en bruin, ens, wat in kontras is met die 'funky' **kleure** in FIGUUR E wat deur die plastiek versierings en silwer chroom of staal geskep word. ☒ Die gebruik van nie kleure skep 'n aksent by beide ontwerpe. ☒

FIGUUR D is **beïnvloed** deur die vorms en materiale van die organiese Afrika landskap ☒ terwyl FIGUUR E die invloed van die huidige stadslewe vertoon. ☒ FIGUUR D is **geïnspireer** deur die kalmte en stilte van die wildernis, ☒ terwyl FIGUUR E geïnspireer is deur die atmosfeer van 'n vinnige kosmopolitaanse lewe. ☒ FIGUUR E toon duidelik 'n eklektiese styl wat beïnvloed is deur Pop en De Stijl. ☒ FIGUUR D kan die invloed toon van die Kuns-en-Kunsvlyt beweging. ☒

FIGUUR D se **teikengroep** is mense wat wil ontspan, rus, kalm en deel van die natuur wil wees. ☒ FIGUUR E in kontras se teikengroep is jong 'stadsjapies' wie van 'n aksievolle, vinnige lewe en kitskos hou. ☒ FIGUUR D se teikengroep is ook toeriste wie Suid-Afrikaanse wildslewe wil ontdek en ervaar, terwyl FIGUUR E se teikengroep is mense wat kitskos wil eet. ☒

Die omgewing in FIGUUR D **funksioneer** as akkommodasie ☒ vir die welgestelde mense ☒, veral toeriste, wat met vakansie is, maar FIGUUR E is bedoel om te funksioneer as 'n kitskos restaurant vir almal. ☒ Beide is gebruik vir vermaak en om spesiale geleenthede soos funksies te vier. ☒

Meeste van die **materiale** wat gebruik word in FIGUUR D is organies en natuurlik, terwyl die materiaal in FIGUUR E meestal kunsmatig, plasties en kleurvol is. ☒ Die materiaal wat gebruik word in FIGUUR D gee die omgewing 'n rustige gevoel in teenstelling met die materiaal in FIGUUR E wat reghoekig, hard en hoekig is. ☒ FIGUUR E benodig kunsmatige beligtings materiale, maar FIGUUR D gebruik natuurlike ligbronne. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V3.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	3.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		3.1	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.1	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	3.1	2
	Evalueer, Reflekteer			
	Sintetiseer, Regverdig		3.1	1

OF

3.2 (Ken 10 punte toe: 'n maksimum van twee punte elk per aspek)

Hadrian se Villa was gebou om te **funksioneer** as 'n toevlugsoord van Rome vir die Romeinse Keiser Hadrian. ☒ The Palace of the Lost City kan ook gesien word as 'n toevlugsoord, ☒ 'n luukse hotel wat die stadsmense 'n ontvlugting van die daaglikse verwagtinge aanbied na 'n fantasie antieke, koninklike woning. ☒ Die toeskouer is terugvervoer in tyd na 'n luukse fantasie wêreld van waterfonteine en oerwoud aantreklikhede. ☒ Hadrian se villa was ook later in sy beheer deur hom gebruik om sy keiserryk te beheer. ☒ 'n Groot hof moes permanent daar geakkommodeer wees met ruimte vir gaste en om burokrate te vermaak en ook te dien as 'n tydelike behuising. ☒ In kontras, is The Palace of the Lost City slegs as 'n vakansiebestemming gebruik. ☒

Een van die klassieke strukture in Hadrian se Villa is die sogenaamde 'Maritime theatre' wat 'n biblioteek, verhitte baddens, drie kamers met verhitte vloere, 'n kuns galery en 'n groot fontein insluit. ☒ Die konsep van die ontspannings ruimte is baie na aan menigte ontspanningsruimtes aangebied deur die Palace of the Lost City, omrede dit ook spa baddens, jacuzzi's en saunas, restaurante, danssale en 'n ouditorium wat gebruik word om die massas te vermaak en besig te hou, insluit. ☒

Die **uitleg** van Hadrian se Villa span oor 'n reuse landskap wat baie damme, baddens, fonteine en klassieke Griekse argitektuur insluit. ☒ Dit is geleë in wat sou 'n mengsel van uitlegtuine, wildernisareas en gekultiveerde boerdery landskap gewees het. ☒ Die Palace of the Lost City strek ook oor 'n massiewe landskap en sluit ook baie waterfokuspunte soos strome, watervalle, fonteine en damme in. Dit bestaan ook uit vrystaande klassieke strukture soos die triomfboog. ☒ In teenstelling het die Palace of the Lost City een massiewe struktuur wat die terrein domineer, Hadrian se Villa bestaan uit baie verskillende strukture wat uitversprei is in 'n natuurlike uitleg, wat dit minder imposant maak op die terrein waarop dit staan. ☒

Met verwysing na **materiale**, maak beide komplekse gebruik van marmer in hul mosaïek vloere. ☒ Die geboue van Hadrian se villa is gebou met travertine, bakstene, kalk, beton en tufa ('n ligte klip). ☒ The Palace of the Lost City is grootliks gebou met moderne beton en staal, maar aan die buitekant is daar gebruik gemaak van baie tradisionele materiale soos marmer en hout. ☒

Hadrian se Villa was gebou in die prentjie mooi, idilliese landskap in die omtrek van Tibur (hedendaagse Tivoli), 'n populêre **terrein** vir villas en toevlugsoorde in daardie tydperk. Die terrein was gekies omrede daar baie water en klaargeboude akwadukte

was wat deur Rome geloop het. ☒ Die terrein van die Palace of the Lost City is by verre wilder, omrede dit in 'n digte Afrika bosveld toneel geplaas is, en vêr weg van die stadslewe is. ☒

Hadrian se Villa toon die **invloede** van menigte argitektoniese style aan. Die Maritieme teater wys die invloed van klassieke Griekse Ioniese argitektuur, maar die koepels van die hoof gebou toon die invloede van Romeinse argitektuur. ☒ Die verlengde kanaal en nagmaakte grot is deur 'n heilige plek wat Hadrian in Egipte gesien het, beïnvloed. ☒ Die Palace of the Lost City maak gebruik van mosaïek, fresko's, fonteine en kolonnades wat almal van die Romeinse tydperk afkomstig is. ☒ Die menigte gekoepelde torings en dakke is terugverwysend na die Bisantynse of Noord-Afrika moskees of Zulu-hutte. ☒ Handgekerfde houtmeubels, olifanttande, uitkerfwerk van wildslewe, 'n lewensgrootte brons-olifant, muurskilderye van die Afrika landskap, diere en voëls, reflekteer die invloed van Afrika. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V3.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	3.2	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		3.2	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.2	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	3.2	2
	Valueer, Reflekteer			
	Sintetiseer, Regverdig		3.2	1

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

4.1 (Ken 20 punte toe)

Modernisme

VOORBEELD: VW Beetle deur Ferdinand Porsche ☒

Modernisme was die eerste beweging wat die doelstelling gehad het om die chaos wat deur die vernietiging van die wêreld oorlog in die begin van die 20^{ste} eeu aan te spreek en so het hulle die omgewing herbou en die wyse waarop mense geleef het, verander. ☒ Ontwerp het 'n belangrike doel geword vir lande wat deur die koste van die oorlog vernietig was en om hulle weer in die handelsmark te hervestig. Individuele lande het ontwerp met die industrie gekoppel met die **doel** om 'n Internasionale styl te skep. ☒ 'n Soeke na 'n *'style for the age'* het in 'n stroombelynde styl ontaard wat die huidige modern en die toekoms gesimboliseer het. ☒ Modernistiese ontwerpers se doel was om die samelewing se probleme op te los. 'n Goeie voorbeeld van een ontwerp wat mense se aksies en opinies beïnvloed het, was die Volkswagen 'beetle' motor wat ontwikkel is in Duitsland as 'n manier van goedkoop effektiewe publieke vervoer. ☒ Ontwerp in die 1930's as 'n klein motor wat twee volwassenes en drie kinders kon vervoer teen 'n spoed van 100 km/h het die Volkswagen 'beetle' die gewildste 'best-selling' motor in die VSA in die eerste helfte van die 20^{ste} eeu geword.

Amerika het die ontwerpleier van die wêreld geword, omrede sy vooruitgaande houding tot die industrie en die invloed van ontwerpers vanuit Europa na die oorlog. Die gesonde ekonomie in Amerika het in 'n styl-bewuste welgestelde, massamark ontaard wat gulsig was om te koop en nuwe produkte te gebruik. ☑ Nuwe ontwikkelinge en eksperimente in aërodinamika en hidrodinamika, en die modernistiese verskynsel van vinnige vervoer deur trein, motors en vliegtuie, het die stroombelynde vorm **beïnvloed**. Die stroombelynde styl het baie populêr geraak en was toegepas op 'n verskeidenheid produkte van motors soos die Volkswagen 'beetle', tot broodroosters. ☑ Groot ontwerp maatskappye was gestig wat werksgeleenthede verskaf het vir 'n verskeidenheid ontwerpskategorieë van ontwerpers, bemaking en publieke verhouding spesialiste. Die styl het dus die wyse waarop mense gelewe het in 'n vinnige tempo moderne wêreld beïnvloed. ☑

Die invloed van die analitiese benadering wat deur die Bauhaus gebruik is, het in 'n gestandaardisering en vereenvoudiging van ontwerpe ontaard en deur die gebruik van nuwe tegnologie en nuwe materiale is klem gelê op massa produksie. ☑ Die ontwikkeling van nuwe materiale soos aluminium, 'n reeks plastiek wat Bakeliet ingesluit het, het die kwaliteit van ontwerp en die massa produksie kostes verbeter. ☑ Chromium was op 'bumpers'/stampveer van die Volkswagen 'beetle' en dit was gesien as 'n ideale afwerking omrede dit bestand was teen verwerping. ☑

Die ontwerpers van die modernistiese eeu se **doelstelling** was om 'n wêreldwye massamark uit te lok wat graag stylvolle bekostigbare produkte wat goed kon funksioneer, wil aankoop. 'n Wye reeks nuwe tipe produkte bv. plastiek opgestapelde stoele en radio's en huishoudelike toestelle wat mense se lewens makliker gemaak het. ☑ Die Volkswagen 'beetle' het Amerika oorrompel, omrede dit ekonomies en bekostigbaar was vir die massas. Naas die vorm, is een ander revolusionêre kenmerk van die motor dat die enjin in die boot was en lugverkoel is. Dit was ontwerp om meganiese eenvoudig te wees en die doelstelling was om die gebruikskoste van die motor laag te hou. ☑

Die Moderniste beveel die karaktereienskappe van abstraksie en estetika aan, dus het hulle gereeld op die essensie van struktuur gefokus. Die uitstaande karaktereienskappe van die traandruppelvorm van die Volkswagen 'beetle' is 'n goeie voorbeeld van die gekurfdde vorm wat in die vroeë stroombelynings fase gebruik is en wat die ideale vorm vir vervoer ontwerp geword het. Dit het die gemiddelde werkersklas die geleenheid gebied om hul eie motor te kon besit. ☑ Verbeterde tegnologie het 'n impak op kleur gehad soos wat nuwe chemiese kleurstofmiddele beskikbaar geword het. Hierdie was almal mensgemaakte komponente in teenstelling met die vorige diere en plant kleurstofmiddels. Die VW 'beetle' was beskikbaar in 'n wye reeks kleure en eienaars kon selfs individuele verandering aanbring, mees kenmerkend die verf van psigedeliese patrone gedurende die 1960's. ☑

Art Deco

VOORBEELD: Chrysler Gebou deur William van Alen ☑

Die Art Deco beweging het as 'n reaksie begin teen die verlies wat veroorsaak is deur die 1^{ste} **Wêreld Oorlog**. Die styl se **doelstelling** was om die stad se populasie groei wat 'n uitvloeisel van die Industriële Rewolusie was, aan te spreek. As gevolg hiervan het die behoefte vir masjiengemaakte goedere en vermaaklikheidslewe vergroot. ☑ Masjinerie was wyd gebruik om die dag-tot-dag benodighede van die stadsbewoners aan te voldoen. Die behoefte om die depressie wat hulle omring het

te ontvlug, was een van die hoof invloede op Art Deco en ontwerp het die antwoord verskaf. Menigte ontwerpers het na eksotiese invloede gekyk en so hul **inspirasie** van die antieke tye, antieke Egipte en Aztec samelewing, Kubisme, Fauvisme en Modernisme gekry. ☑ Ontwerp motiewe was verminder tot hul eenvoudigste vorm, maar het hul verfynde gesofistikeerde voorkoms behou. Hierdie styl was op argitektuur, binnehuisversiering, tekstielontwerp en grafiese ontwerp toegepas. ☑ Art Deco skep 'n eksotiese, teatrale omgewing wat versag word met mooi, luukse teëls, materiale en muurpapierontwerp. Hierdie het 'n vorm van ontvlugting vir die mense van die tydperk geskep, dit beklemtoon die wyse waarop die mense in die era geleef het. ☑

Die **Chrysler Gebou** in New York is 'n klassieke voorbeeld van Art Deco argitektuur se **karaktereienskappe** en is beskou deur vele kontemporêre argitekte as een van die beste geboue in New York. Dit is deur die argitek William van Alen ontwerp as 'n projek vir Walter P Chrysler. *Met die eerste ploeg in die grond* op 19 September 1928, was daar 'n intense kompetisie in New York om die wêreld se hoogste wolkekrabber te bou. Die styl van die gebou het New York se horison verander en het 'n baken geword vir die nuwe modern era wat humaniteit verheerlik. ☑ Walter Chrysler as die voorsitter van die Chrysler Firma het die intensie gehad om dié gebou, Chrysler's motor se hoofkwartiere te maak, om die hoë aanvraag vir motors aan te voldoen. ☑ Die masjien era het mense se lewens verander en vervoer was vinniger as ooit vantevore. Spoed het 'n obsessie geword en ontwerp begin **beïnvloed**. ☑ 'n Variasie van argitektoniese detail en veral die gebou se gotiese **geïnspireerde** 'gargoyles'/geute was 'n nabootsing van Chrysler motor produkte, soos die enjinkap se ornamente van die Plymouth motor wat die simbool van die masjien era in die 1920's, geword het. ☑

Die Chrysler Gebou is beskou as 'n leidende voorbeeld van Art Deco argitektuur. Die hoeke van die 61ste vloer was versierd met arende; op die 31ste vloer, is die hoekornamentasies replikas van die 1929 Chrysler motor verkoellings deksel. ☑ Dit is van klip gebou, met 'n staalraam, en staal bedekking. Tans bevat die gebou 'n totaal van 3 862 vensters op die fasade. Binne-in is daar vier torings van 8 hysbakke ontwerp deur Otis Hysbak Koöperasie. ☑ Die gebou is as 'n Nasionale Historiese baken in 1976 verklaar, en weer later 'n New York baken in 1978. Dit toon die impak wat ontwerp op mense se lewens het en hoe dit hul opinies en aksies en die maniere waarop hul leef, kan verander. ☑ **Die Chrysler Gebou** is bekend vir sy terras kroon, wat saamgestel is uit sewe stralende terrasboë, wat geïnspireer is deur die Egiptiese piramiedes en die Aztec sonstraal patrone. ☑ Hier sien ons die **invloed** van Afrika en Egiptiese kuns, omrede daar 'n beklemtoning is op gestileerder vorms wat bydra tot die direkte vereenvoudigde benadering van die Art Deco styl. ☑

Van Alen se ontwerp van die kroon is 'n kruisvormige kruisagtig gewelf wat bestaan uit sewe konsentriese segmente. Die vlekvrystaal bedekking is gegroef en gekram met 'n stralende sonstraal patroon met menigte driehoekige kruisagtige vensters. ☑ Die hele kroon is bedek met silweragtige 'Enduro KA-2' metaal, 'n tipe vlekvrystaal wat in Duitsland ontwikkel is. ☑

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V4.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.1	4
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf			2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.1	8
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.1	2
	Evalueer, Reflekteer			2
	Sintetiseer, Regverdig			2

4.2 (Ken 10 punte toe)

Die bed in FIGUUR H is geïnspireer deur die kuns en argitektuur van die Klassieke eeu. Die Renaissance periode in Europa het die **doelstelling** gehad om 'n verandering van opinies, waarin mense glo, hoe hulle gedink het te verander, deur humanisme en rasonale denke 'n fokuspunt te maak. ☑ Die ontstaan van humanisme in die Renaissance periode toon 'n terugkeer na redenasie, individualisme, logiese gedagtes, wetenskap en Klassieke ideale soos duidelik sigbaar in FIGUUR H. ☑ FIGUUR I in kontras, verteenwoordig die De Stijl beweging wat swaar leen op Hollandse tradisie van logika, strengheid en duidelikheid. ☑ Hulle **doelstellings** was om 'n styl te skep waarin inhoud en onderwerp vereenvoudig was tot die basiese boublokke van visuele uitdrukking. Dit kan duidelik gesien word deur hul gebruik van geometriese vorms en primêre kleure. ☑

Die Klassieke ideale van **harmonie** is sigbaar in die simmetrie, proporsie en balans van die bed in FIGUUR H. ☑ Die bed in FIGUUR I toon hoe die De Stijl beweging die fundamentele **harmonieuse** beginsels van geometrie met die gebruik van slegs reguitlyne, vierkante en reghoeke, gekombineerd met 'n sterk asimmetriese kwaliteit; die oorheersende gebruik van suiwer primêre kleure en swart en wit. Harmonie is ook duidelik sigbaar in De Stijl se verhouding tussen positiewe en negatiewe elemente in die rangskikking van nie-objektiewe vorms en lyne. ☑

De Stijl het die gebruik van suiwer abstraksie gestig om universaliteit te bewerkstellig en dit is duidelik sigbaar in FIGUUR I deur 'n vermindering van die essensiële van **vorm en kleur**. ☑ Hulle het die visuele komponente vereenvoudig tot slegs vertikaal en horisontaal en net die gebruik van swart en wit, en die primêre kleure. In kontras, moedig die Renaissance periode die observasie direk van die natuurlike bron aan. Dit verleen 'n akkurate refleksie van natuur in **vorm en kleur** en staaf ook die doelstelling om idealisme en perfeksie te bereik. ☑ In teenstelling, vind De Stijl sy uitdrukking in **vorm en kleur**, in die reguitlyn en duidelike gedefinieerde primêre kleure. ☑ De Stijl laat slegs toe die gebruik van primêre kleure, swart en wit, vierkante en reghoeke, reguit, horisontaal of vertikale lyne. ☑

Die **invloed** van Klassieke mitologie is sigbaar in die Renaissance deur die gebruik van dekoratiewe motiewe op die bed in FIGUUR H. ☑ Hierdie luuks versierde styl van die Renaissance, bekend as grotesk, wys 'n kombinasie van krullende plante, figure en fantasie gedrogte, gebaseer op antieke Romeinse fresko's wat ontdek is in Italië in die laat 15^{de} eeu. ☑ 'n Gewilde kenmerk van die versierde Renaissance styl toegepas op meubelontwerp, is die gekerfde borsbeelde van belangrike mense

of beskermhere, meestal in profiel en geraam in oordadige versierde sirkels van plante, bekend as rotundo wat sigbaar is in FIGUUR H. Dit kon moontlik deur die antieke Romeinse muntstukke **beïnvloed** gewees het. ☒

Die De Stijl-bed in FIGUUR I gee geen erkenning aan individualisme en ignoreer die uniekheid van voorkoms, natuurlike vorm en kleur. ☒ Die Renaissance het vrye denke aangemoedig en het in die algemeen menings van die Middeleeue wat bevraagteken is, behou. Die fokus het verskuif na observasie en navorsing, wat innovering en baie nuwe wetenskaplike ontdekkings aangemoedig het; insluitend perspektief, en kleur perspektief. ☒ Die De Stijl beweging was swaar **beïnvloed** deur die teorieë van die Hollandse filosoof Schoenmaekers, wat geglo het dat die natuur tot binêre teenstrydighede en basiese lyn vorms en fatsoene, afgebreek kon word. ☒ Die kuns filosofie wat gevorm is, het die basis verskaf vir die De Stijl se werke wat bekend staan as Neoplastisisme – die nuwe beeldende kunste.

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V4.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	4.2	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		4.2	1
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.2	4
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.2	1
	Evalueer, Reflekteer		4.2	1
	Sintetiseer, Regverdig		4.2	1

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS EN VOLHOUBARE KONTEKS

VRAAG 5 (20 punte in totaal)

Kandidate beantwoord VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.



5.1

5.1.1 (Ken 2 punte toe)

Die ontwerp in FIGUUR J toon 'n sensitiviteit aan vir die behoeftes van swaksiesendes/blindes. ☒ Sesamsaadjes is geplaas op die broodrolletjie om braille te vorm, sodat 'n blinde persoon kan voel en weet wat hy/sy eet. ☒ Dit is skaars dat produkte ontwerp word om die ervaring van fisies gestremde mense in ag te neem, veral wanneer dit kom by kos. ☒ Wimpy het 'n braille spyskaart hiervoor ontwerp. ☒

5.1.2 (Ken 2 punte toe)

Om te kwalifiseer as 'n sosiale verantwoordelike ontwerper, moet 'n mens die behoeftes van almal, insluitend die minderheid en dié fisies gestremde individue ☒, waaruit ons samelewing bestaan, in ag neem. Die praktyk om hulde te gee aan inklusiwiteit, verander mense se denkwyse en skep harmonie en verdraagsaamheid tussen almal. ☒ Die teikenmark word vergroot deur hierdie inklusiewe ontwerpspraktyk. ☒ In hierdie geval word blinde mense onafhanklikheid gegee om hulle eie keuses te maak. ☒

5.1.3 (Ken 2 punte toe)

Verkeersligte wat 'n geluid maak vir die blinde voetgangers, verskaf aan hulle die inligting dat dit veilig is om die pad oor te steek. ☒ Parkeerareas vir die fisies gestremdes wat wyer gemaak is en naby die ingang van winkel sentrums en winkels is. ☒ Sensors wat beweging optel, sal outomaties deure oopmaak vir blindes en/of fisies uitdagende mense. ☒

5.1.4 (Ken 14 punte toe; 7 punte per ontwerper: 1 punt vir die ontwerper en ontwerpproduk)

Voorbeeld: 'n Tipiese Streetwires produk is **Stack of cows** ☒

Streetwires is a plaaslike kunshandwerk besigheid en gemeenskap ontwikkelings projek, gestig deur Patrick Schofield, Winston Rangwana and Anthony Ressel. Die besigheid fokus op die produksie van straat draadkuns, 'n unieke suiderlike Afrika genre. Die doel was om die probleem van werkloosheid en armoede in ons land, aan te spreek. ☒

In die begin was slegs twee draadkunstenaars op 'n deeltydse basis aangestel, wat 'n kamer in Schofield se huis as hul werkspasie gebruik het. Die besigheid het gegroei wat gelei het na twee groter persele. Die Kaapstad studio is 'n toonbeeld vir 'n besigheid gebaseer op kwaliteit beheer. ☒ Nuwe draadkuns ontwerpe word geskep deur 'n ontwerp span en nadat die ontwerpe goedgekeur

is, word 'n patroon-ontwerp gemaak en aangestuur na die draadkuns-handwerkers wie as 'n span werk om produkte te maak. ☑ Om 'n hoë standaard te handhaaf, moet die spanleier seker maak dat die patroon-ontwerp presies gevolg word, en dat dit deur kwaliteitbeheer gaan, voordat dit op die winkelrakke verskyn. ☑

Die besigheid glo dat die hoof probleem van ons land is, is werkloosheid. ☑ Nie alleenlik is dit die oorsaak van vele sosiale probleme soos armoede, dit verhinder ook die gemeenskap se groei potensiaal en ontwikkeling. ☑ Met hierdie in gedagte, is die doel om betekenisvolle lang termyn werksgeleenthede vir so veel Suid-Afrikaners as moontlik te skep, om hulle lewens te verbeter. Dit verskaf 'n werksplek, permanente werk, 'n sin van waarde en toegang tot vaardighedeopleiding, die ontwikkeling van individuele kunstenaars en die skep van uitreik inisiatiewe in kinderhuise, skole en verarmde samelewings. ☑

Objekte wat gemaak is, is beide dekoratief en funksioneel, soos kralewerkpromosie items en geskenke (bv. sleutelhouers, papierskyfspelde met 'n logo bo-op, besigheidskartjie houers), werkende radio's, 'n verskeidenheid motor modelle in draad of kraal-draad en diere, voëls en beelde van mense. ☑ Die fatsoene en vorms is hoogs gestileerd en vereenvoudig, insluitend 'n element van fantasie en humor. ☑ Helder kleure en eenvoudige, kurwende buitelyne domineer. Die tegniek van draadkuns domineer, en sluit in materiaal soos krale, opgesnyde blikkies en bottel doppe. ☑



Die kraalwerk reflekteer eenvoudigheid, stilering, wispelturigheid, buitengewone, kinderlike en naïewe kwaliteite. ☑ Dit word gemaak van drade en krale en verwys terug en reflekteer die waarde van vee in Afrika kulture. ☑ Die krale wat gebruik word, is monochromaties en varieer van donker gekleurde 'n koei na 'n wit gekleurde koei. ☑ Die horings is gemaak uit gerygde rooi krale. ☑

Ken 7 punte toe: 1 punt vir die ontwerper en ontwerpprodukt

Jonathan Barnbrook is 'n Internasionale Britse grafiese ontwerper en tipografeerder wie se grafiese ontwerp, letters/lettertipe gebruik word om te reageer op sosiale, kulturele en politiese gebeurtenisse, en in die wyse baat die gemeenskap. ☑

Hy het gesê in sy 'First Things First 2000' manifest dat ontwerpers bewus moet wees van die kragtige boodskap wat hul handwerk kan oordra op die massamedia. ☑

Die Barnbrook studio is bekend vir hul geloof in die vaardighede van grafiese ontwerp om sosiale verandering aan te help. ☑ Barnbrook se produksie is diepdenkend, vanaf sy korporatiewe identiteit tot sy tydskrif werk, sy lettertipe, sy industriële ontwerp en CD omslag. ☑ In een van sy projekte Friendly Fire het hy bevestig dat grafiese ontwerp 'n sosiale en politiese wapen is. ☑ Op 'n advertensiebord in Las Vegas, het Barnbrook gesê: 'Stay away from corporations that want you to lie for them'. ☑ Hy reageer gereeld op die onregverdigheid in die

wêreld en probeer om dit vir die samelewing bloot te stel, om sodoende 'benefit their lives'. ☑

Sommige van sy welbekende letters sluit in Bastard, Exocet, False Idol, Infidel, Moron, Sarcastic – baie van hulle reflekteer Barnbrook se motiverende en uitlokkende style en temas. ☑

Voorbeeld:

Meeste van sy idees, komposisies en sy lettertypes, ontwerp om die leser te irriteer, is vasgevang in sy eerste boek, **Barnbrook Bible**. Ontwerp om die leser uit te daag en self te irriteer, die boek is opsetlik kineties (in beweging in die uitleg) en chaoties in dat dit tyd benodig en energie om dit te lees. ☑ Eers as die leser sy uitleg en styl ontsyfer het, kan die ontwerp waardeur word as 'n persoonlike uitdrukking in die diens van massa kommunikasie, gewoonlik met 'n sosiale en politiese agenda. ☑ **Barnbrook Bible** se politiese kommentaar is duidelik - Amerikaanse buitelandse gedragskodes en globale korporatisme is sy hoof doeleindes. ☑ Byvoorbeeld, het hy Ronald MacDonald en Osama Bin Laden in een ikoniese karakter verander, wat humoristies is, maar het ook 'n hoër doel wat kritiese denkwysse aanmoedig. ☑ Dit is maklik om Barnbrook se politieke werk en tipografiese spotprente te ontken, maar dit is met 'n ernstige sosiale kommentaar gelaai. ☑

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

V5.1 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.1.1	2
			5.1.2	1
			5.1.4	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.1.3	1
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.1.2	1
			5.1.3	1
			5.1.4	6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.1.4	2
	Evalueer, Reflekteer		5.1.4	2
	Sintetiseer, Regverdig		5.1.4	2

5.2 (20 punte in totaal)

5.2.1 (Ken 2 punte toe)

Nee, die tradisionele produkte in FIGUUR K sal nie met dieselfde gemak en akkuraatheid as moderne produkte werk nie. ☑ Tegnologie het die materiale waaruit kontemporêre produkte gemaak is verbeter, in vergelyking met die materiale waaruit tradisionele produkte gemaak word. ☑

Ja, die tradisionele produkte in FIGUUR K is nog steeds vandag bruikbaar vir mense wie nog sterk verbind is met hul tradisionele kultuur. ☑ Baie tradisionaliste glo dat handgemaakte produkte by verre beter is in funksie en kwaliteit van materiale, in vergelyking met kontemporêre produkte wat met goedkoper materiale en swakker kwaliteit gemaak is. ☑ Die produkte word gebruik vir tradisionele,

kulturele en seremoniele doelwitte. ☑ Die produkte kan ook gebruik word in 'n moderne konteks om interieure te versier. ☑ Hulle kan ook gebruik word vir die toeriste mark. ☑

Gee krediet vir enige ander kulturele en simbolistiese gebruike. ☑

5.2.2 (Ken 8 punte toe)

Muur skilderye deur die Ndebele gemeenskap (vrouens).

Om 'n muur skildery te begin, verdeel die kunsvlytkunstenaars die muur in afdelings op, en dan trek hulle kryt-lyne diagonaal oor elke afdeling. ☑ Die mure is oorspronklik met wit kalk geverf. ☑ Die kleure wat gebruik is, om die skilderye te verf is meestal natuurlike pigmente, wat bestaan uit bruine, swarte en okers. ☑ Die kunstenaar begin met die swart buitelyne van die ontwerp vir elke afdeling. ☑ Die skildery word vryhand gedoen, sonder dat 'n skaal-uitleg ontwerp vooraf geteken word. ☑ Geen liniale of vierkante is gebruik nie, maar simmetrie, proporsie en reguit kante is presies behou. 'n Swart buitelyne word om die kleure geplaas, met wit ruimtes wat teen die geverfde areas as teenwig geplaas word. ☑ Nadat die kleur aangewend is, is die laaste stap die herverf of opknapping van die swart buitelyne. ☑ Die vroegste skilderye is met aardse pigment, kalk en wasgoedblousel gedoen. ☑ Alhoewel kommersiële verf die tradisionele pigmente vervang het, gebruik die kunstenaars nog steeds vandag hoender vere as verfkwaste. ☑

Ndebele skilders wys style en oorspronge tussen verskillende vorms van muur versierings. Die mure word met patrone geverf wat gewoonlik herhaal word regdeur die ontwerp met 'n klein variasie en verskil in kleur keuse. ☑ Die kleur wit, is altyd as die agtergrond gebruik omdat dit die helder patrone laat uitstaan. ☑ Hierdie geometriese patrone en vorms word eers met 'n swart buitelyne geteken en later met kleur ingevul. ☑ Die patrone word saam gegroepeer regdeur die mure in terme van hul basiese ontwerp struktuur, dus word daar 'n ruimte geskep vir akkuraatheid en vryheid. ☑ Meeste van die patrone was van 'n V-vorm met 'n baie eenvoudige driehoek bo-op 'n groot vorm van kleur. ☑ Daar is vyf hoof kleure verteenwoordig in die patroon: rooi, geel, blou, groen, en soms pienk.

Dié patrone is een van die mees belangrikste kommunikasie aspekte in hulle skilderye. ☑ Die kleure gee 'n intense simboliese betekenis aan die Ndebele. ☑ Die helder simbole en uitdrukkings wys 'n kommunikasie van algemene boodskappe. ☑

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

5.2.3 Ken 10 punte toe: 1 punt vir die ontwerp en ontwerpproduk



Ronel Jordaan. Ndebele tribal Chair ☑

Die ontwerp is 'n stoel wat lyk soos 'n groot gras mandjie wat buigsaam en besig is om plat te val. Die mandjie is uit velt gemaak. Die mandjie lê op sy sykant en die deksel vorm die sitplek. ☑ Die lyne van die weef tegniek vorm konsentriese sirkels. ☑ Die kleure is dowwe gryse en bloue wat 'n koue effek skep. ☑ Die weef

tegniek is soortgelyk aan die grasmate-weef tegniek wat deur die inheemse kulture gebruik word. ☒ Sy gebruik wol wat gekleur, gekam en gespin is. ☒ Om die produk te maak, is die katoen in dun gare-drade gekam en dan handgeweef in verskillende produkte. ☒

Ronel Jordaan se materiale en werksprosesse is eties deurdat sy die omgewing en die verbruiker in ag neem. Die water wat sy gebruik is bekend as afval-gryswater omdat dit hergebruik is in organiese groente tuine. ☒ Die groen tuine waarop die son skyn groei in houe op die fabriek terrein wat in 'n klein industriële buurt in Johannesburg, Suid-Afrika is. ☒ Die groente, meestal spinasie/morogo is vir die vrouens om huis toe te neem of om te verkoop. ☒

Ronel gebruik seep van Suid-Afrika wat ten volle bioafbreekbaar is. ☒ Alhoewel die kleurstowwe van Duitsland ingevoer is, is hulle spesifiek gekies omdat hulle loodvry is en voldoen aan die Europese Eko-Standaard. ☒ Die wol wat Ronel gebruik, ondergaan nie 'n koolstofafbreek proses nie. ☒ Die Ronel Jordaan™ etiket is ewe harmonieus met die natuur. Al die prosesse wat in die werkswinkel gebruik word, is eko-vriendelik. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

GEEN punte moet toegeken word vir die herhaling van ontwerpers(s) en hulle werk wat in die vraestel gebruik word nie.

V5.2 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	5.2.3	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		5.2.1	1
			5.2.2	2
			5.2.3	2
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.2.1	1
			5.2.2	2
			5.2.3	5
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.2.2	2
	Evalueer, Reflekteer		5.2.3	1
	Sintetiseer, Regverdig		5.2.3	1


VRAAG 6 (20 punte in totaal)**6.1 (Ken 6 punte toe)**

Water bewaring word beklemtoon deur die huis te bou met herwonne plastiek bottels wat water bespaar in teenstelling met tradisionele bou-materiale soos beton wat meer water verbruik. ☒ Die gebruik van hierdie water bottels om meet e bou verseker dat hul nie hul . vind na ons oseane, riviere en damme. ☒ Die gebruik van herwinde plastiek in FIGUUR L beklemtoon die belangrikheid van waterbewaring deurdat dit die gebruik van herwinde water bottels uitlig. ☒

Die doeltreffende gebruik van energie word maksimaal verseker deur die gebruik van nie-tradisionele bou-materiale soos water bottels. ☒ Hierdie boutegniek verminder die gebruik van elektriese gereedskap wat energies al bespaar. ☒ Die gebruik van water bottels insuleer die gebou wat die behoefte aan addisionele verhitting en verkoeling sal verhoed. ☒

Koolstofdioksied vermindering word verbeter deur die gebruik van masjienerie en elektriese gereedskap wat die omgewing sal besoedel. ☒ Die gebou sal 'n minimale impak op die omgewing veroorsaak omdat die materiale gebruik tydens die bou-proses nie lugbesoedeling sal veroorsaak nie.s ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklarings.

6.2 (Ken 2 x 7 = 14 punte toe) 7 punte per ontwerper: 1 punt vir die ontwerper en onwerpproduk

Die Suid-Afrikaanse ontwerp span **The Joinery** gestig deur die susters Natalie en Kim Ellis het die *My Office* versameling, ontwerp. ☒ The Joinery is 'n etiese Mode-reeks gemaak om 'n alternatief te skep vir die tradisionele en giftige metodes van produksie. Die *My Office* versameling bestaan uit skoot rekenaar sake vir Mac en PC/rekenaarverbruikers gemaak van luukse, volhoubare materiaal, vertoon in natuurlike bruin en lig grys kleure. ☒ Die versameling is ontwerp saam met 'n Suid-Afrikaans gebaseerde industriële plastiekherwinnings fabriek en poliëster vesel produsent deur die gebruik van 'n ligte veltagtige materiaal wat afkomstig is van PET vlokies (polyethylene terephthalate) – verkry van plastiekbottels versamel in Kaapstad. ☒

Die Joinery se algemene karakterieenskappe is bepaal deur vorm-volg-funksie, ☒ minimalistiese benadering ☒ wat 'n skoon vakmanskap benadering toon, en wat die Skandinawiese ideale naboots. ☒ Die finale produk is bedoel vir 'n hoër inkomste verbruiker en heel waarskynlik besigheidsmense, maar ook iemand wat 'n ernstige versamelaar is van nuwe en innoverende ontwerp. ☒

Die Joinery fokus op produksie metodes wat 'n bydrae lewer tot die plaaslike gemeenskap se groei en vernootskappe met naaldwerkkoöperatiewe in plaaslike 'townships'/lokasie. ☒ In hierdie verband is die Joinery geïnspireer deur die ekologiese aandrang op die ontwerpgemeenskap om nuwe materiale te ontdek en te gebruik vir volhoubare tekstielproduksie. ☒ Die Joinery se keuse van materiale verminder CO₂-uitlatings deur plastiekbottels te herwin wat op stortingsterreine sou eindig. ☒ Hierdie inisiatief deur die Joinery het ook menigte werksgeleenthede vir plaaslik naaldwerkers en informele plastiek versamelaars, geskep. ☒

Internasionale ontwerpers **Philippe Starck en Emeco** het die *Broom Barstool*, ☒ geskep, 'n stoel wat herwin, herbruik, bioafbreekbaar en stewig is, ☒ bestaande uit 90% industriële afval, 75% afval polipropilene en 15% herwinde hout. Die materiaal is gemaal en in klein korreltjies gedruk voordat dit gemeng word met glasvesel en gesmelt word, sodat dit in 'n vorm ingespuut kan word. ☒ Die *Broom Chair* is duursaam, gemaklik, 'n mode-item, kleurvol en geskik vir binne- en buitegebruik. ☒ Die *Broom Barstool* ontwerp het in ag geneem die beperkte ruimte by 'n kroeg in 'n restaurant of hotel, deur die wydte van die stoel te verminder, maar nie gemak opgeoffer nie. ☒ Die gekurfdde skulpvorm van die stoel is verander in 'n stoel met sagter randte wat saam met die bene van die stoel smelt. ☒ Starck se algemene karakterieenskappe sluit in die gebruik van afvalmateriaal, tegnologie ☒ en dus maak hulle seker dat die produk van uitstaande kwaliteit is, en vir lank sal kan gebruik word, en besparing in energie en vervoer van die produk. ☒

Gee krediet vir enige ander geregverdigde verklaring.

V6 VLAK	KOGNITIEWE VAARDIGHEDE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (20)
Laer orde	Onthou, Herroep, Herken	30%	6.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf		6.2	4
Middel orde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	6.1 6.2	2 6
Hoër orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	6.2	2
	Evalueer, Reflekteer			
	Sintetiseer, Regverdig		6.1 6.2	2 2

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100